# The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Posadres** | Posbus 2648,<br>**NOORDHEUWEL**<br>1756 | **Kantoor** | Dekkerstraat 37<br>**KRUGERSDORP WES** |
| **Tel. (Kantoor)**<br>**Faks** | 082-459-5747<br>086-528-9914 | **E-pos**<br>**Webblad** | admin@thecradleofhope.org<br>http://thecradleofhope.org |


## NUUSBRIEF – NOVEMBER 2009

***Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief die volgende e-pos adres:***
**admin@thecradleofhope.org**

Liewe vriende

Baie dankie aan al ons vriende wat ons projekte gedurende 2009 ondersteun het. Sonder julle onbaatsugtige hulp, liefde en gebede sou ons onmoontlik 'n verskil kon maak in so baie minder-bevoorregte mense se lewens. BAIE DANKIE!!

**1) THE CRADLE – House of Restoration:**

Baie dankie aan almal wat reeds betrokke geraak het by hierdie projek van **THE CRADLE OF HOPE**. Ons gebede is beantwoord en *CD Plumbing* het betrokke geraak en die meeste van ons loodgieter-werk vir ons geborg. Baie baie dankie aan Conrad en sy span! Ons het nou amper klaar gebou en gemors aan die binnekant van die huis, en ons sal Januarie 2010 kan gebruik om die huis binnekant toe te rus en mooi te maak, sodat ons op 01 Februarie 2010 ons eerste mammas en kinders sal kan huisves.

Op die oomblik is ons grootste behoefte aan :

* Teëls vir die badkamers en die kombuis, asook vir die teël van 2 slaapkamers se vloere.

* Veiligheidsglas vir die 2 groot vensters van die speelkamer, asook glas vir die vensters van die "ontspanningskamer".
* Verf vir die binne –en buitekant van die huis.

Indien daar enige iemand is wat ons met enige van die bogenoemde items kan help sal ons dit verskriklik baie waardeer.

Daar is ook nog van die kamers beskikbaar wat geborg kan word in ons **"ADOPT A ROOM"** projek, en indien daar nog enige iemand is wat betrokke wil raak by hierdie projek, skakel asb. vir Melodie 084 990 1156. Indien enige iemand spesifiek wil gaan kyk na die huis, kan ons 'n afspraak maak en julle gaan wys.

Die "wish list" vir die huis is ook op ons webblad beskikbaar: **www.thecradleofhope.org**

Ondersteun asb. ons **"baksteenprojek"** waar ons 'n projek geloots het om die kapitaalkostes van die aankoop van die huis, sowel as die aanbouings, betaal te kry. **"Bakstene"** kan gekoop word teen R500-00 per baksteen. Indien u 'n baksteen wil borg, gebruik asb. die verwysing "BRICK" op u deposito strokie. **Ons doelwit is om 2 000 bakstene te verkoop.**

Ons wil julle versoek om ons ASB te help om hierdie mammas en kinders te help. ENIGE bruikbare artikels wat ons binne in die huis sal kan gebruik, sal verskriklik baie waardeer word.

Ons is baie opgewonde oor hierdie projek wat 'n langtermyn invloed op baie mammas en kinders se lewens gaan hê. Ons is besig met Ewigheidswerk en dit is verskriklik lekker! Baie baie dankie aan almal wat reeds betrokke geraak het en begin help het. Ons waardeer julle hulp verskriklik baie.

**BANK BESONDERHEDE: THE CRADLE – House Of Restoration projek**
**THE CRADLE OF HOPE – "House of Restoration" projek**
**BANK:** Eerste Nasionale Bank
**TAK:** Krugersdorp
**TAKKODE:** 250241
**REKENING NOMMER:** 6218 035 2628
**SWIFT KODE:** FIRNZAJJ

***Faks asb. alle deposito strokies aan (011) 955-5112. Indien u 'n belasting sertifikaat verlang, dui asb. so aan op die deposito strokie.***

**2) KRONINGSPARK STIMULERINGS-GROEPIE VIR KLEUTERS:**

Dit gaan baie goed met ons stimulerings-groepie vir die kleuters van die Kroningspark tentdorp in Krugersdorp. Ons groepie sluit op 11 Desember 2009 vir die Desember vakansie, en sal dan weer oopmaak saam met die skole in Januarie 2010. Alhoewel ons groepie gesluit sal wees gedurende die Desember vakansie, onderneem **THE CRADLE OF HOPE** om nogsteeds elke dag toe te sien dat hierdie kinders (ongeveer 50) van die tentdorp elke dag kos kry om te

eet. 'n Lys van kos items wat ons benodig om elke dag vir hierdie kinders kos te gee, is beskikbaar op ons webblad.

Ons is verskriklik dankbaar om te kan sê dat ons borge gekry het vir die Graad R kleuterskoolfooie van die 4 kleuters van die tentdorp wat volgende jaar Graad R toe moet gaan (Jacques, Macyla, CJ en JJ). Hulle is reeds ingeskryf by Laerskool Millennium se kleuterskool vir 2010.

Die enigste manier waarop ons hierdie kinders uit hierdie sirkel van armoede sal kan kry, is as ons vir hulle **HOOP** bied, tesame met 'n goeie opvoeding en goeie onderrig. Hierdie Graad R toelating is so 'n groot gebeurtenis vir hierdie kinders, wat so swaarkry. Ons sal foto's neem op die groot dag en dit op ons webtuiste laai, sodat julle almal dit kan sien. Baie dankie aan die persone en instansies wat bereid was om betrokke te raak en hierdie 4 kinders te help.

Baie baie dankie aan Tannie Elmarie Naudé wat die inisiatief namens **THE CRADLE OF HOPE** geneem het, en vir al haar tyd en moeite met die soek van die borge en die koördinering daarvan. Baie dankie ook aan almal wat op ons vorige nuusbrief, rakende hierdie aangeleentheid, gereageer het. Tannie Elmarie, ons is baie lief vir jou!

**BANK BESONDERHEDE – ASSIST A CHILD projekte:**
**THE CRADLE OF HOPE – Assist A Child projekte**
**BANK:** Eerste Nasionale Bank
**TAK:** Key West
**TAKKODE:** 256955
**REKENING NOMMER:** 6219 699 4498
**SWIFT KODE:** FIRNZAJJ

***Faks asb. alle deposito strokies aan (011) 955-5112. Indien u 'n belasting sertifikaat verlang, dui asb. so aan op die deposito strokie.***

**3) VLU MONUMENTPARK – Dames oggend 13 Oktober 2009:**

Op 13 Oktober 2009 het die **VLU (Vroue Landbou Unie) MONUMENTPARK** onder leiding van Mev. Barbara Nel, vir **THE CRADLE – House of Restoration** 'n dames oggend aangebied, met Mathys Roets as die gaskunstenaar, by die NG KERKSAAL, MONUMENTPARK in Pretoria.

'n Bedrag van R20 000-00 is tydens hierdie oggend vir ons huis ingesamel. Barbara en haar span het besluit dat hulle die fondse wil aanwend om tydens Januarie 2010 vir ons huis kombuisware (yskaste, vrieskaste en'n gas stoof) aan te koop. Baie baie dankie Barbara, vir julle getroue ondersteuning aan **THE CRADLE OF HOPE** se projekte. Ons weet die reël van so 'n funksie is baie harde werk, en ons is baie baie dankbaar.

Ons hartlike dank ook aan Mathys Roets, wat die oggend gratis opgetree het, ten bate van

hierdie projek. Ons weet dat Mathys ook deur 'n baie moeilike tyd gaan, en ons waardeer dit dat hy ten spyte van sy groot verlies, nogsteeds bereid was om ons projek te ondersteun. Baie dankie Mathys!

Besoek gerus ons webblad vir enige verdere besonderhede rakende ons projekte: **www.thecradleofhope.org.**

Baie dankie aan almal wat ons ondersteun sodat ons ander mense in nood kan help. Sonder julle hulp kan ons eenvoudig nie hierdie groot werk doen nie. Julle hulp en bydraes word "gelooflik" baie waardeer!

Spreuke 14: 31 – "Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, maar hy wat hom oor die behoeftige ontferm, eer Hom"

CRADLE liefde en blessings

Melodie & Petra

Melodie 084 990 1156
melodie@thecradleofhope.org

Petra 083 267 7707
petra@thecradleofhope.org

Sluit asb aan by ons **CAUSE** op **FACEBOOK:** **http://apps.facebook.com/causes/357418**

**Directors :** Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel